Skreebek

Augustus 2017

Bestuur 2017 – 2018:

Voorsitter	Louis van der Walt	083 276 1719
Ondervoorsitter	Jan du Buisson	082 921 1128
Sekretaris	Estelle Billekens	082 454 1842
Penningmeester	Marietjie van Staden	082 854 3063
Nuusredakteur	Attie van Staden	082 338 3971
Voorraadhouer	Marietjie du Buisson	082 941 5579
Graveerder	Hennie Gouws	083 328 3868

Voogdelys:

Louis v/d Walt	**Jan du Buisson**
Die bestuur	Antonie en Joekie Laubscher Alan en Alta Morgan
Estelle Billekens	**Marietjie v Staden**
Peet en Alida Barnard	Corrie en Hendrien Clase Graham en Sannie Clouston
Attie v Staden	**Hennie Gouws**
Peet en Ria v/d Walt Sarel en Linda van Zyl	Dave en Elize Fourie David en Madelein Fourie Tienie en Bessie Herholdt
Marietjie du Buisson	
Hennie en Sherron de Koker Fanie en Elsabé vanZyl	



Oordenking

Biddende hande se betekenis:

Die duim is die eerste vinger van die hand en wys na bo, dit beteken God kom eerste in ons gebede en ons moet eerste vir Hom al die lof en ere in ons gebede gee.

Die wysvinger is tweede en word gewoonlik gebruik om iemand te vermaan, dit vermaan ook ons oor ons sondes en herinner ons daaraan om ons sondes te bely en vergifnis daarvoor te vra.

Die middelvinger verwys na liefde vir God en ons naaste.

Die ringvinger is die simboliek van verhoudings en herinner ons daaraan om te bid vir ons verhouding met God, ons medemens, landsgenote en ook vir ons land.

Laaste maar nie die minste is die pinkie wat verwys na ons eie behoeftes en dat ons ook daaroor kan bid.

Voorsittersbrief Augustus 2017

Eerstens wil ek baie dankie sê vir elkeen wat sy weg oop gesien het om die AJV by te woon. Ek voel dit was weereens ń suksesvolle vergadering al was ons net so paar by die kamp. Ons kon egter nie kampkommandante vasstel vir ons jaarprogram volgende jaar nie aangesien ons te min was. Ek wil elkeen wie kans sien om ons daarmee te help asseblief vra om te kom aanbied met die aanbied van ń kamp.

Ek wil dan ook die bestuur geluk wens met hulle verkiesing as bestuurslede vir die jaar. Ek vertrou ons sal lekker saamwerk die jaar. Ons het ń groot taak wat voorlê met die opbou van Overvaal, want soos Attie tereg gesê het, Overvaal is besig om stadig maar seker dood te loop. Ons as bestuur voel ook baie sterk as ons nie iets gaan doen nie dit dan ook die einde van Overvaal sal beteken. Met dit gesê wil ek dan ook elkeen uitnooi met enige plan of voorstel om met ons te kom gesels dat ons saam aan die ding kan werk. Dankie ook dan aan Bessie en Corrie wat gaan uithelp in die tyd wat Attie en Marietjie bietjie gaan rondloop oor die volgende paar maande.

Soos Tienie julle ook dan al laat weet het moet julle asseblief hierdie jaar se November kamp nie mis nie. Ons wil asseblief soveel as moontlik mense daar hê

want die kamp gaan voorwaar iets besonders wees. Ons sal nader aan die kamp vir julle meer inligting gee.

So iets van dagbestuur af:

Daar is ongelukkig ‘n paar streke wat gaan ontbind – Zuurfontein – die lede wat nog kamp gaan na ander streke oorgeplaas word.

Kemptonpark en Panorama – daar was geen nominasies vir bestuurslede in die streke nie, dus sal hulle ook by ander streke inskakel.

Ons volgende kamp is dan by Sionsbergh. Ek wil elkeen uitnooi na die kamp toe asseblief. Kom geniet die naweek saam ons dit is altyd ń lekker kamp en dit is al baie warmer nou. Hoop ek sien sommer julle almal daar.

Groete

Louis van der Walt.

Lief:

Die Gouwse het nog ‘n klein bondeltjie liefde bygekry en die Morgans se tweede is oppad.

Peet en Ria het vir ons kom kuier by Bloekompoort, lekker, man lekker!!

Die Gouwse het ‘n splinternuwe sleepvoertuig – die foto onder – mooi né?..

Leed:

Altwee die twee Marietjies en Bertha was in die hospitaal.

Hennie de Koker het vir ‘n skandering gegaan en die dokter het vergeet om hom uit te teken, die gevolg was dat hul nie die AJV kon bywoon nie.

Hendrien en Linda se ma's is oorlede.

Sarel en Linda se dogter was in 'n ernstige ongeluk.

Corrie se skoonsus en 'n baie goeie vriend is oorlede.

Olaf kry dialise vir die niere wat nie meer wil saamwerk nie.

Fanie sukkel maar met die gesondheid en hy en Elsabé bly in ons gebede.

AJV terugvoering

Bloekompoort het omtrent oorgeloop die naweek, daar was vyf groepe mense en Hennie en sy span het vir almal reggestaan vir etes, ens. Dit wil gedoen word, hoor!

Links staan die Novsie se een helfte en regs is 'n privaat groep kampeerders.

Overvaal was net vier waens, die van der Walts, die van Zyls, die Gouwse en die Herholdts. Vrydagaand het ons lekker gesmul aan die boereworsrolle en 'n groot pot [oeps] groentesop van Sarel hulle. Sarel het 'n dame by die slaghuis gevra om vleis te sny en solank die pot aan die gang te kry – wel/oeps – die hoeveelheid vleis wat sy in die potjie gesit het, het dit eintlik 'n vleispot gemaak, **dit was heerlik** en my vingers pyn nou nog omdat ek hul raakgeëet het.

Tienie, Louis en Hennie besig om die wors te braai, die wind was ysig, so erg dat Tienie en Louis ook baadtjies gaan aantrek het.

Saterdagoggend vroeg het Peet en Ria vir ons kom verras en sommer die nag oorgeslaap, die AJV vergadering self het goed afgeloop, Dave, die Morgans en Corrie-hul het ook die vergadering kom bywoon. Rudi Keynhans was ons gasspreker van hoofkantoor en het gebiedsmeriete toekennings aan Louis en Tienie oorhandig. Rudi het in sy toespraak gesê Overvaal is maar ‘n klein streek maar op ‘n stil manier doen ons ons ding.

Olaf en Ilze het ook later by ons aangesluit en gebly vir die ete, hul kon nie vroeër kom nie aangesien Olaf eers moes gaan vir sy dialise.

Die res van die dag, soos julle in die foto’s kan sien, het ons soos dassies al agter die sonnetjie aangetrek tot dit tyd was om te gaan eet. EN was die kos lekker!! Soos altyd.

Sondagoggend het ons weer die gebruiklike ontbyt gekry en daarna was ons almal te lui om op te pak en huiswaarts te keer.

Kampe 2017:

September 8 – 10: Sionbergh

Kampkommandante: Hennie en Bertha Gouws

Tarief: R300 per nag vir 4 persone indien meer as 10 woonwaens

R330 per nag vir 4 persone indien minder as 10 woonwaens.

Oktober 28 – 30: Bloekompoort

Kampkommandante: Estelle Billekens

Tarief: R110 per nag

November 10 - 12: Kersboomkamp by Bloekompoort

Kampkommandante: Die bestuur

Tarief: R110 per nag.

Ek het ‘n voëltjie hoor fluit dat hierdie ‘n baie lekker kamp gaan wees, hoop om jul almal daar te sien.

Jaarprogram 2018:

Die kampkommandante sal op ‘n later geleentheid aangewys/vasgestel word wanneer meer van ons lede teenwoordig is.

3-4 Januarie is seniorburgerkamp en 5-7 streekkamp by Bloekompoort

9-11 Februarie by Koppisol

9-11 Maart by die Bootklub

April is dit die Presidente en Vaaldriehoek is kampkommandante dus het Louis nou al gevra dat almal wat moontlik kan, asseblief die kamp sal bywoon.

27 April – 1 Mei by Bloekompoort

6-15 Julie is dit die wegbreker na Marula

24-26 Augustus is dit die AJV by Bloekompoort

21-24 September by Sionbergh

19-21 Oktober by Klipdraai

16-18 November is Kersboom by Bloekompoort.